

Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.

Skriflesing : Handeling 2: 42-47

Tema : Waar kom ons energie en entosiasme vandaan?

BROODJIES VIR DIE PAD

“What color is in a picture, enthusiasm is in life.”
— Vincent van Gogh

“There is a great market for religious experience in our world; there is little enthusiasm for the patient acquisition of virtue, little inclination to sign up for a long apprenticeship in what earlier generations of Christians called holiness.”

— Eugene H. Peterson, A Long Obedience in the Same Direction: Discipleship in an Instant Society

“There is almost a sensual longing for communion with others who have a large vision. The immense fulfillment of the friendship between those engaged in furthering the evolution of consciousness has a quality impossible to describe.”

— Pierre Teilhard de Chardin

“We came to realise - first with astonishment, then bitterness, and finally with indifference - that intellect apparently wasn't the most important thing...not ideas, but the system; not freedom, but drill. We had joined up with enthusiasm and with good will; but they did everything to knock that out of us.”

— Erich Maria Remarque, All Quiet on the Western Front

“Soul grows in communion. Word by word, story by story, for better or worse, we build our world. From true conversation - speaking and listening - communication deepens into compassion and creates community.”

— Sam Keen, Hymns to an Unknown God: Awakening The Spirit In Everyday Life

Wat die duif my vertel het

Vergelegen Medi-Clinic, 3 Julie 2010

Die duiwe van Somerset-Wes se taalgebruik

is nie alte suiwer nie. So ry ek op dié betrokke Saterdag agter die ambulans aan op die kortste stukkie pad wat 'n leeftyd duur tussen huis en harteenheid.

Dis waar Vergelegen se duiwe sommerso met my praat.

Die ambulansvensters is getint sodat ek nie kan sien wat hulle daarbinne met haar doen nie, maar die sirene jubel nogtans blymoedig.

Dit is immers 'n teken van hoop, is dit nie? So praat die duiwe al die pad verby Mooiberge-padstal, rigting Somerset-Wes. Strooipoppe bevolk die veld langs my en vlakby beklim 'n kwagga 'n bul terwyl die radio vertel van 'n wêreldsokkerstryd,

maar ek snap helaas niks daarvan nie, hierdie is immers

die kortpad na 'n skrikkeltyd, en die kil duiwe bly onverpoos en padlangs, vertel van my aller liefste agter in die klopdisselwa waar sy salig swewend

en intensief versorg, voet-in-die-hoek, deurgejaag word

na die hospitaal in die some van 'n berg om ure later, ná sy operasioneel versorg en drie keer gestent is, komateus in my arms te lê en wag op 'n diagnose van hartsake.

Dit is tóé dat 'n jafel op die vensterbank, hier, oorkant haar hospitaalbed kom sit. Teen die ruit pik-pik,

koppie maak, pik-pik en pik, kompleet asof hy sê: Watch'it, my bru.

Pasop vir next time, nè.

Dis mos maar hoe die duiwe praat

op 'n bepaalde Saterdag toe dit Vergelegen was, winter, en angswekkend koud.

© Louis Esterhuizen, 2023

“Why does a literary scholar study the world of "fiction"? To show us that the facts can never be understood except in communion with the imagination.”

— Parker J. Palmer, *The Courage to Teach: Exploring the Inner Landscape of a Teacher's Life*

“Human history can be viewed as a slowly dawning awareness that we are members of a larger group. Initially our loyalties were to ourselves and our immediate family, next, to bands of wandering hunter-gatherers, then to tribes, small settlements, city-states, nations. We have broadened the circle of those we love. We have now organized what are modestly described as super-powers, which include groups of people from divergent ethnic and cultural backgrounds working in some sense together — surely a humanizing and character building experience. If we are to survive, our loyalties must be broadened further, to include the whole human community, the entire planet Earth. Many of those who run the nations will find this idea unpleasant. They will fear the loss of power. We will hear much about treason and disloyalty. Rich nation-states will have to share their wealth with poor ones. But the choice, as H. G. Wells once said in a different context, is clearly the universe or nothing.”

— Carl Sagan, *Cosmos*

All Is Well

ANXIETY AND FEAR are what we know best in this fantastic century of ours. Wars and rumors of wars. From civilization itself to what seemed the most unalterable values of the past, everything is threatened or already in ruins. We have heard so much tragic news that when the news is good we cannot hear it.

But the proclamation of Easter Day is that all is well. And as a Christian, I say this not with the easy optimism of one who has never known a time when all was not well but as one who has faced the Cross in all its obscenity as well as in all its glory, who has known one way or another what it is like to live separated from God. In the end, his will, not ours, is done. Love is the victor. Death is not the end. The end is life. His life and our lives through him, in him. Existence has greater depths of beauty, mystery, and benediction than the wildest visionary has ever dared to dream. Christ our Lord has risen.

-Frederick Buechener-

Anton van Niekerk: Dít is waar die duivel skuilhou

Nuusberigte wil dit hê dat die Vrystaatse sinode van die NG Kerk pas ’n “spesiale” sinode gehou het “ter voorbereiding” van die algemene sinode later vanjaar.

Onder die sake wat daar bespreek is, tel dan, wrintiewaar, die swaarwigtige vraag of daar regtig ’n duivel is! Kan dit wees dat die voorstelling van ’n bok-

kop-mannetjie met ruie wenkbroue, ’n getande vurk en ’n bokbaardjie nog enige traksie in die geledere van die kerk het?

Ek wil nie te krities wees teenoor die NG Kerk, waarvan ek self ’n lidmaat (en selfs ’n ampsdraer) is, nie. Dié kerk het weliswaar om die totstandkoming en begroning van apartheid winde gesluk en skandalige onreg goedgepraat.

Meer onlangs kan ’n mens nie anders nie as om onder die indruk te kom van teologiese vernuwing, omvattende dienslewering en nuwe ekumeniese verbintnisse in die kerk. Daarby het die NG Kerk ’n luisterende kerk geword; ’n ruimte waarin ernstig gesoek word na gemeenskapsvorming en sorg om ’n outentieke uitreik na nood en lyding.

Dis juis die gewaarwording omtrent laasgenoemde ontwikkelings wat ’n mens so verstom laat oor die voortgesette obsessie met ’n antikwariese “geloof” in die duivel. Dit behoort tog heel duidelik te wees dat duivel-erkenning en vrese ’n res is van ’n voor-moderne, uitgediende en mitiese stel oortuigings.

Wat veral verstom, is die houvas wat dié ideologie skynbaar steeds het op kerklidmate (en ampsdraers!) wat Sondag ná Sondag bely dat die bose oorwin is en dat Christus getriomfeer het.

Die erkenning van ’n beweerde werklikheid van die “duivel” is daarby ’n duidelike voortsetting van die oer-skeppingsmite van Genesis 1-3, waar Eva (gevolg deur Adam – die enigste instansie van ’n feministiese demonologie waarvan ek weet!) deur Satan (die slang) verlei word om van ’n verbode vrug te eet.

Daarop volg die uitdrywing uit die paradys, die plig om te werk in die sweet van jou aangesig en om jou kinders met arbeid en pyn in die wêreld te bring. Laasgenoemde verteenwoordig ’n metafisiese vloek wat alle nasate van die “stamouers” opgelê word totdat hulle (in beginsel, dog nog nie in praktyk nie) daarvan verlos word deur die heilsgebeure van die evangelie.

Ek het weinig krag vir die duivel-storie, maar nie bloot omdat dit die oorblyfsel van ’n uitgediende mite is nie. Ek is oortuig daarvan dat mense die idee van die duivel ernstig opneem omdat dit hulle in staat stel om hul eie verantwoordelikheid ten opsigte van die kwaad en die bose te ontduik.

Dit is heel gerieflik om, elke keer wanneer jy droogmaak, die skuld daarvoor op die duivel te pak. Ek wil vir geen oomblik beweer dat kwaad en onheil uit die wêreld verdwyn het nie; enigeen wat dít wil doen,

het geen geloofwaardigheid in die wêreld wat ons elke dag om ons beleef nie.

Daar is enorm baie boosheid en kwaad in die wêreld. Dit kom egter nie weens 'n bok-figuur teenoor wie ons magteloos staan nie. Dit kom op uit onself (behalwe in die geval van nie-morele boosheid).

Die duiwel stig nie kwaad en ellende in die wêreld nie; ons doen dit self. Omdat ons dit self doen, moet ons daarvoor verantwoordelikheid aanvaar en via die geloof in Christus se bevrydingswerk die kwaad probeer genees.

Dit is ontgogelend om in 2023 te verneem dat spesiale sinodes van 'n instansie soos die NG Kerk gehou word om uitsluitel te verkry oor die "werklikheid van die duiwel". Kom ons kyk liever elkeen elke oggend in die spieël en onderneem opreg om aan die "duiwel in onself" geen plek te gee nie.

- Van Niekerk is 'n professor in filosofie aan die Universiteit Stellenbosch. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.

BROOD VIR DIE PAD

Christina Landman: Wie word uit kerk begrawe en wie nie?

Covid-19 is grootliks agter ons en begrafnisse gaan normaal voort. Maar daarmee kom die probleme weer.

Party kerke hou 'n kort begrafnisdiens. Dalk word die kis nie eens na die kerk geneem nie. Want die lyk word in elk geval veras. Hulle wat nog wil treur, moet dit maar op hul eie doen. Ander slaak 'n sug van verligting.

Ander kerke hou weer hul gewone lang begrafnisse. Daar is troosdienste in die week sodat almal kan treur. Dan is daar 'n besigtiging by die huis. Dan is daar 'n kerkdien. En dan die diep afskeid by die graf.

So wat is nou die probleem?

Ek sit nou die dag in 'n geselskap met wit en bruin dominees. Hulle praat oor watter mense nie uit die kerk begrawe mag word nie.

Die een dominee sê hy het sy gemeente mooi laat verstaan: As jy nie gereeld kerk bywoon nie en jou bydraes is nie op datum nie, gaan hy jou nie uit die kerk begrawe nie. En inderdaad, bevestig die dominee, kerkbywoning en tiendes is goed in die gemeente. 'n Ander dominee sê sy begrawe almal. Maak nie saak hoe jy dood is nie. Maak nie saak of jy nooit in die kerk was en ons jou gesig vir die eerste keer in die kis sien nie. Maak nie saak of jy nog nooit 'n kerk gehad het nie.

Partykeer is die kerk en sy saal al plek waar mense 'n gratis begrafnis met 'n ete agterna kan hou. Moet die kerk hom so laat misbruik?

Die kerk is oop vir jou – en almal wat nooit kerk toe kom nie. Dis 'n geleentheid vir die kerk om te wys hy staan vir genade.

So sit almal nou en praat oor waar staan die kerk met begrawe.

Iemand is doodgeskok terwyl hy elektrisiteit gesteel het. Moet die kerk hom nou begrawe? Iemand breek by 'n huis in vir dwelm- of kosgeld. Die polisie skiet hom. Later beswyk hy aan sy wonde. Gaan die kerk hom begrawe?

Of die seun het ge-overdose. Wie gaan hom begrawe? Die ouers het hoë aansien en wil nie hê almal moet dit weet nie. Hoe gou kan dominee 'n begrafnis doen, somer by die begrafnisondernemer se kapel?

'n Lidmaat het na 'n ander kerk afgedwaal. Nou wil sy mense hom in sy aanneemkerk begrawe. Gaan die kerk dit doen?

Of daar is selfdood. Party kerke het lang tradisies om so iemand nie te begrawe nie.

Party kerke vra 'n tarief vir die dominee se dienste, die gebruik van die kerk en die saal met sy skottelgoed. Misbruik die kerk nie nou die mense nie?

Ek sê toe maar my paar woorde. As jou kerkraad jou toelaat, begrawe almal uit die kerk uit. En as jou kerkraad jou nie wil toelaat nie, oortuig hulle. Want ek kan nie op 'n begrafnis sê die dood is 'n deurgang na die lewe, en vir hulle wat glo, is daar geen veroordeling nie – en dan word die veroordeling hierdie kant gedoen nie.

Hoe 'n kerk mense begrawe, sê baie van wat die kerk van mense, hul waardigheid en hul waarde in God se oë dink.

Landman is 'n buitengewone professor in teologie aan Unisa. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.

wynandqnel@outlook.com 082 901 5877